

Titel: Keuses wat 'n mens se hele lewe kan bepaal
Pastoor: Francois Brink
Datum: 12 Desember 2010
Tyd: 09h30



Keuses wat 'n mens se hele lewe kan bepaal

Gen 13:1-18

¹ So het Abram dan uit Egipte na die Suidland opgetrek, hy met sy vrou en sy hele besitting, en Lot saam met hom. ² En Abram was baie ryk aan vee, aan silwer en goud. ³ En hy het van plek tot plek uit die suidland getrek tot by Bet-el, na die plek waar sy tent in die begin gestaan het, tussen Bet-el en Ai, ⁴ Na die plek van die altaar wat hy vroeër daargebou het. En Abram het daar die Naam van die Here aangeroop. ⁵ En Lot, wat saam met Abram getrek het, het ook kleinvee en beeste entente gehad. ⁶ En die land kon hulle nie dra om saam te woon nie, want hulle besittings was groot, sodat hulle nie saam kon woon nie. ⁷ En daar het twis ontstaan tussen die veewagters van Abram en die veewagters van Lot. Ook het die Kanaaniete en Feresite destyds in die land gewoon. ⁸ Toe sê Abram vir Lot: Laat daar tog geen twis wees tussen my en jou, en tussen my wagters en jou wagters nie; ons is mos broers. ⁹ Lê die land nie voor jou oop nie? Skei tog van my af; gaan jy links, dan sal ek regs gaan, en gaan jy regs, dan sal ek links gaan. ¹⁰ Toe slaan Lot sy oë op en sien dat die hele Jordaanstreek oral volop water het; voordat die Here Sodom en Gomorra verwoes het, was dit in die rigting van Soar soos die tuin van die Here, soos Egipteland. ¹¹ En Lot het vir hom die hele Jordaanstreek gekies, en Lot het na die ooste weggetrek. So het hulle dan die een van die ander geskei. ¹² Abram het bly woon in die land Kanaan, en Lot het gaan woon in die stede van die Jordaanstreek en sy tente tot by Sodom opgeslaan. ¹³ En die manne van Sodom was sleg en groot sondaars voor die Here. ¹⁴ En die Here sê aan Abram nadat Lot van hom geskei het: Slaan tog jou oë op en kyk van die plek waar jy staan, na die noorde en suide, na die ooste en weste; ¹⁵ want die hele land wat jy sien, sal Ek aan jou gee en aan jou nageslag tot in ewigheid. ¹⁶ En Ek sal jou nageslag maak soos die stof van die aarde, sodat as iemand die stof van die aarde kan tel, jou nageslag ook gestel kan word. ¹⁷ Maak jou klaar, trek die land deur in sy lengte en sy breedte, want Ek sal dit aan jou gee. ¹⁸ Toe het Abram al verder tente opgeslaan en gaan woon by die terpentynbome van Mamre wat by Hebron is; en hy het daar vir die Here 'n altaar gebou.

1. Lot se bevoorregte posisie
2. Lot se selfsugtige keuse
3. Die gevaarlike terrein waarop Lot se keuse hom en sy gesin laat beland het
4. Die prys wat Lot vir sy keuse moes betaal
 - *Dit het sy getuienis gesaboteur*
 - *Lot se keuse het sy gesag as gelowige ondermyn*
 - *Dit het hom sy krag van sy belydenis ontnem*